The interest rate policy of the Reserve Bank is also being challenged by the new situation. Interest rates are, of course, determined by market forces of demand and supply, but can always be influenced to some extent by monetary policy intervention working through the market mechanism. On the one hand, in the present situation, an excessive expansion of bank credit is putting undue pressure on the money supply and dictates the need for maintaining high interest rates. On the other hand, high interest rates attract more short-term and volatile capital from the rest of the world, which again adds to the liquidity of the system, and to the ability of the banks to extend more credit and, in the process, adds to the money supply. It is a challenge for monetary policy to strike a right balance between these opposing financial forces in the implementation of its interest rate policy.

Secondly, as far as the international financial relations with direct implications for monetary policy are concerned, similar interesting challenges now face the

Reserve Bank. During the past year, the Bank intervened quite heavily in the foreign exchange market, mainly as a net buyer of foreign exchange in order to prevent the exchange rate of the rand from appreciating under the pressure of a continuous large net inflow of capital. These intervention operations at times clashed with the monetary policy model of the Bank which is in principle anchored to the control of the money supply, but they were nevertheless justified on the basis of the following three arguments:

- The Reserve Bank found itself in April 1994 in the unenviable situation that, on a net basis, it had zero foreign reserves to assist it in its efforts to maintain orderly conditions in the foreign exchange market.
- Based on the fundamentals of the South African economy, any strong appreciation of the exchange rate of the rand at this stage will not be in line with the developments in the relative competitiveness of the South African production machinery, be it in the primary, secondary or tertiary sectors of the economy.
- It must be remembered that the floating exchange rate system in terms of which forces of demand and supply operating through the foreign exchange market determine the exchange rate of the rand, remains subject to the distortions of the exchange controls still applicable to outward capital investments by South African residents. The determined rate is, therefore, not necessarily a reliable reflection of an equilibrium exchange value of the rand.

With these considerations in mind, the Reserve Bank, contrary to the dictates of the accepted monetary policy model anchored to changes in the money supply, bought a substantial amount of foreign exchange in the market last year. At the same time, the Bank used internal measures such as open market operations to neutralise the counter-effects of the foreign exchange market intervention on the domestic money and capital markets.

Should the surplus on the overall balance of payments continue in 1996, the management of the sometimes conflicting objectives of preventing an appreciation of the rand and controlling the money supply at the same time, will certainly provide an interesting challenge for monetary policy.

The intervention by the Reserve Bank over the past year in the foreign exchange market in a situation of continuous upward pressure on the external value of the rand, apparently created the false impression in certain circles that the Reserve Bank is now targeting the exchange rate and is fixing it within a narrow band around the US dollar. This is a completely false perception.

Taking account of the aforementioned reasons for the Bank's intervention in the foreign exchange market

over the past year in order to prevent an appreciation of the rand, the deduction may be made that the Bank's exchange rate policy is asymmetrical. The Bank, however, has no intention of fixing the exchange rate of the rand at any predetermined level. Once exchange controls have been removed and the amount of foreign reserves held by the Reserve Bank has been restored to a more comfortable level, there should at most times be only little official intervention in the foreign exchange market.

This policy approach was illustrated by the developments of the last few days when an unfortunate combination of a few events led to a large-scale speculation against the exchange rate of the rand. The Reserve Bank intervened in an effort to bring some order to the market, to ensure that enough liquidity would prevail and to discourage over-reaction based on unfounded and obviously mistaken rumours. The Bank, however, did not fix the exchange rate at any predetermined level.

In the present global environment, where foreign exchange transactions arising from capital movements are seventy times as big as gross turnovers for current balance of payments transactions, it is extremely difficult to decide what the appropriate exchange rate for any currency should be, particularly in the short term. We, in the Reserve Bank, believe that references to an overvalued or undervalued exchange rate of the rand should in these circumstances be used sparingly. It is not possible for the authorities to decide what an equilibrium exchange rate would be, and it will be dangerous policy to try to fix the exchange rate at any artificial level. In the environment of financial globalisation, we shall have to learn to accept the dictums of the international market place. Even the wise economists of the Bahnhoffstrasse can easily be proved wrong in their assessment of over- or undervalued exchange rates.

Thirdly, what should the exchange control policy be in this situation? The Reserve Bank has always supported a gradual approach to the elimination of exchange controls. Government has the final say on the exchange control policy, but the Minister of Finance has on various occasions also expressed his views, which are similar to those of the Bank. It is therefore preposterous to speculate from time to time that there will be a sudden "big bang" removal of all the remaining exchange controls.

Furthermore, the Bank has many times stated that gradualism in practice means exchange control relaxations with the retention of financial stability. The Bank would not advise the Government to relax on exchange controls if it should believe that such relaxations will lead to the destabilisation of internal or external financial conditions.

As long as exchange controls are in force, there will always be rumours and speculation on their removal – one of the many disadvantages of direct controls

applied in a basically market-oriented economy. Investors should, however, not be disturbed by such rumours. The Reserve Bank will continue to act with responsibility and within the framework of the aforementioned stated objectives of the programme of gradually removing the exchange controls applicable to outward investment by South African residents. The challenge to abolish exchange controls in this way and to maintain financial stability at the same time, is not an easy one. So far it has worked well – we have good reason to believe it will continue to work well in future.

Fourthly, the Reserve Bank also faces the challenge of maintaining a sound and well-functioning banking system in South Africa, a system that will not only retain the confidence of the international financial community, but will also be trusted by the South African public in general. The banking system is the trustee of the public's money and of an important part of people's savings. The Reserve Bank cannot support the development, under the aegis of the banking system, of high-risk financial ventures that must eventually lead to losses for some investors. This will not only cause unreasonable claims for compensation to be made against the Bank and the Government, but will also undermine confidence in the South African financial system.

The Reserve Bank therefore faces the demanding challenge, on the one hand, to promote and develop a sophisticated national payments, clearing and settlement system, based on modern electronic technology that will link our financial system with the global economy and, on the other hand, also to foster a banking system that will provide in the diverse needs of all the people of South Africa.

In summary, the challenges the Reserve Bank faces to maintain overall financial stability, to integrate the South African financial system in a volatile and complex global market economy, to continue with the process of a gradual relaxation of exchange controls, and to foster and protect the development of a sound banking system, will be very demanding. I have full confidence in the integrity, devotion and competence of the staff of the Reserve Bank to meet these challenges.

# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## Inleiding

Die ekonomiese oplewing wat in Mei 1993 in Suid-Afrika begin het, is in 1995 nog steeds gekenmerk deur sterk, ofskoon wisselende, ekonomiese groei. Nadat die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk in die vierde kwartaal van 1994 'n hoë vlak bereik het, het dit in die eerste ses maande van 1995 aansienlik verlangsaam vanweë 'n daling in die reële toegevoegde waarde van die primêre sektore. 'n Ernstige droogte het in die tyd 'n nadelige uitwerking op die landbouproduksie gehad, terwyl die produksie van goud- en diamantmyne afgeneem het, onder andere as gevolg van die sluiting van myne, arbeidsonrus en die laer kwaliteit van erts wat gemaal is.

'n Styging in die mynbouproduksie, tesame met die verdere sterk stygings in die reële toegevoegde waarde van die nie-primêre sektore, het tot 'n verbetering in die ekonomiese groei in die derde kwartaal van 1995 geleid. Groei het daarna in die vierde kwartaal weer verslap, hoofsaaklik omdat die nywerheidsproduksie gedaal het. Produksievermindering in die fabriekswesesektor is waarskynlik veroorsaak deur die uitskakeling van afleveringsagterstande, terwyl die binnelandse vraag sterk gebly het. Uitvoerbestellings vir vervaardigde goedere het ook afgeneem.

Ondanks hierdie wisselinge, het die reële produksiegroei in 1995 op 3½ persent te staan gekom – die hoogste koers sedert 1988. Hierdie toename in produksie is oor die algemeen aangewakker deur 'n sterk vraag na goedere en dienste. Hoër verbruikersvertroue en 'n uitgestelde vraag na duursame en semi-duursame goedere het 'n styging in die reële private verbruiksbesteding bewerkstellig, wat die groei in die reële persoonlike beskikbare inkome oorskry het. Private verbruiksbesteding is deels deur middel van kredietverlening gefinansier, dit wil sê ten koste van binnelandse besparing. Dit het die land afhangliker gemaak van buitelandse fondse vir die finansiering van binnelandse investering, hoewel die ontsparing van die regering verbeter en die besparing van die maatskappysektor toegeneem het.

Die reële bruto binnelandse vaste investering het in 1995 met nie minder nie as 10½ persent toegeneem, maar investeringsuitgawes het in die vierde kwartaal verlangsaam nadat enkele groot kapitaalprojekte voltooi is. Vaste investering het in die loop van die ekonomiese herstel betreklik wydverspreid voorgekom, met die fabriekswese wat die sterkste groei getoon het. Die opbouing van voorrade het ook in 1995 voortgeduur, maar die koers van voorraadopbouing het in die tweede helfte van 1995 effens verlangsaam.

Die oplewing in ekonomiese bedrywigheid het met swak werkverskaffingsgroei gepaardgegaan, waarskynlik grotendeels te wye aan pogings om kostestygings in bedwang te hou en produksiedoeltreffendheid te verhoog. Die koers van toename in die nominale lone en salaris per werker was nietemin betreklik onbuigsaam en het die koers van toename in die pryse van eindprodukte oorskry. Gelukkig is die inflasiegevolge van die toename in arbeidsvergoeding deels geneutraliseer deur die verstewiging van arbeidsproduktiwiteit, wat laer koerse van toename in die nominale en reële eenheidskoste van arbeid teweeggebring het.

Die laer arbeidskoste per eenheid van produksie was 'n belangrike bydraende faktor tot die daling in die inflasiekoers in 1995 tot vlakke wat laas in die vroeë sewentigerjare ondervind is. Die nastrewing van 'n monetêre beleidstand wat beginselvas teen inflasie gerig was, is in die tweede helfte van 1995 verder aangehelp deur laer toenames, en by tye selfs dalings, in voedselprys. Ontwikkelings soos 'n toename in die aanbod van lewende hawe vir slagdoeleindes, die verlaging van invoertariewe op landbouprodukte, 'n matige winter en aanpassings in die bemarking van landbouprodukte, het die styging in voedselprys gedemp. Boonop het 'n appresiasie van die buitelandse waarde van die rand sedert Mei 1995, betreklik lae prysstygings in die vernaamste handelsvennootlande, 'n algemene vermindering van invoertariewe en die afskaffing van die bobelasting op ingevoerde goedere in Oktober 1995, die laer inflasiekoerse aangehelp. Selfs indien voedsel en ander spesiale faktore buite rekening gelaat word, het die onderliggende inflasie derhalwe afgeneem.

Soos met die sterk binnelandse vraag verwag kon word, het die waarde en die fisiese omvang van die invoer van goedere in 1995 skerp gestyg, maar dit het in die laaste kwartaal van 1995 tekens van 'n gelyker verloop getoon. Netto dienste- en oordragbetalings het ook bly styg, terwyl die opbrengs uit internasionale goudverkope gedaal het. Ondanks 'n steeds goeie prestasie van die goedere-uitvoer, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in 1995 aansienlik verswak. Daarbenewens het die vraag na Suid-Afrikaans vervaardigde produkte uit ander lande teen die einde van die jaar begin afneem.

Die groot tekort op die lopende rekening in 1995 is gefinansier deur 'n selfs groter netto invloeiing van kapitaal. Die kumulatiewe netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van die middel van 1994 tot die einde van 1995 op bykans R31 miljard te staan gekom. Die grootste deel van hierdie invloeiing het bestaan uit buitelandse leningskapitaal en portefeuilbeleggings in aandele. Buitelandse regstreekse

beleggings het betreklik klein gebly en het hoofsaaklik bestaan uit beleggings vir die aankoop van bestaande ondernemings, om gesamentlike ondernemings te begin of om Suid-Afrikaanse maatskappye oor te neem.

Hierdie kapitaalinvloeiinge was verantwoordelik vir 'n aansienlike toename in die goud- en ander buitelandse reserwes en het dit vir die Reserwebank moontlik gemaak om alle lenings ten volle af te los wat voorheen aangegaan is om die vlak van die besit aan buitelandse reserwes aan te vul. Onder hierdie omstandighede het die nominale en reële effektiewe wisselkoers van die rand in die laaste sewe maande van 1995 toegeneem. Nadat die eksterne waarde van die rand verder in Januarie gestyg het, het dit in Februarie 1996 aansienlik gedepresieer.

Die hoë vlakke van ekonomiese bedrywigheid en binnelandse besteding was ook verantwoordelik vir die vinnige groei in die geldvoorraad, wat in 1995 vir die tweede agtereenvolgende jaar die boonste perke van die geldvoorraadriglyne oorskry het. Die likwiditeitsvoorkleur van die private sektor het gedurende dieselfde tydperk toegeneem as gevolg van verwagte veranderings in die rentekoerse en in awagting van belangrike aanpassings in die aandele- en effektemark. In 'n statistiese of rekeningkundige sin was die belangrikste teenhanger vir die groei in die geldvoorraad 'n aansienlike toename in kredietverlening deur die banke aan die private sektor. Die groei in die geldvoorraad sowel as kredietverlening aan die private sektor het egter in die tweede helfte van die jaar begin verminder. Veral die groeikoerse van kwartaal tot kwartaal in hierdie twee groothede het laer en meer aanvaarbare vlakke begin bereik.

Die finansiële markte is gekenmerk deur skerp toenames in aandelepryse wat in Januarie 1996, met die hulp van stellige maatskappywinste en 'n toename in buitelandse belangstelling na die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel tot nuwe rekordvlakte gestyg het. Die opwaartse beweging in aandelepryse is geleid deur nywerheids- en finansiële aandele, maar die betreklik lae prys van goudmynaandele het in Januarie 1996 ook lewendig gereageer op die styging in die goudprys tot bo \$400 per fyn ons op internasionale markte. Die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het deur die hele 1995 voortgegaan om te verbeter vanaf die lae vlak wat aan die begin van die jaar bereik is.

Die bedrywigheid in die binnelandse primêre effektemark is oorheers deur uitgiftes van entiteite in die openbare sektor. As gevolg van die likwiditeit van die korporatiewe sektor, die betreklik hoë koste om fondse teleen en die beskikbaarheid van buitelandse kapitaal, het die fondse wat maatskappye in die private sektor deur nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite gemobiliseer het, laag gebly. Ondanks die hoë vlak van rentekoerse en stygende aandelepryse, was maatskappye in die private sektor ook traag om fondse in die primêre aandelemark op te neem. As gevolg van die hoë wetlike koers van Sekondêre Belasting op

Maatskappye, het die aantal aandele wat as skripsi dividende uitgegee is egter aansienlik toegeneem. Bedrywigheid in die sekondêre effektemark het in die tweede helfte van 1995 aansienlik toegeneem namate langtermynopbrengskoerse begin daal het.

Langtermynopbrengskoerse was in die eerste ses maande van 1995 betreklik bestendig, terwyl korttermynopbrengskoerse verder gestyg het. Die opbrengskoerskromme het gedurende hierdie tydperk dienooreenkomsdig meer gelyk verloop, maar dit het oor die eerste vyf jaar van die aflossingskedisjule steeds 'n positiewe helling gehad. Dit het daná vinnig afwaarts beweeg met langtermynkoerse wat meer as korttermynkoerse gedaal het. Die opbrengskoerskromme was in Januarie 1996 dus nie net opmerklik laer as aan die begin van 1995 nie, maar het ook 'n effens omgekeerde, dog oor die algemeen horizontale verloop gehad.

Geldmarktoestande het in die tweede helfte van 1995 beduidend vernou, grotendeels vanweë 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank. By tye het die netto buitelandse bates van die Reserwebank wat met die invloeiing van buitelandse kapitaal verband gehou het, hierdie stram toestande ietwat verlig. Die Reserwebank se optredes in die geldmark was hoofsaaklik toegespits op maatreëls om die sporadiese toenames in likwiditeit op te ruim en om stram toestande oor die algemeen te handhaaf. Ten einde hierdie doelwitte te kon bereik, het die Bank opemarkverkope uit sy eie effekteportefeuille aangegaan. Op kort termyn is groot fluktusies in die geldmarktekort teengewerk deur aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Depositos en die bestuur van die regeringsdeposito's by die Reserwebank.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor, dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossings van die sentrale regering en alle ander vlakke van die openbare sektor, het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 slegs 4,6 persent van die bruto binnelandse produk beloop. Hierdie aansienlik laer vlak van die leningsbehoefte van die openbare sektor as in die vorige jaar was die netto resultaat van 'n groot toename in die inkomste en slegs 'n matige toename in die besteding van die openbare sektor. Probleme wat sekere provinsiale regerings met die herorganisasie van hul funksies en administratiewe bedrywigheide ervaar het, het verhinder dat bestedingsplanne uitgevoer is. Die verwagte besteding aan heropbou- en ontwikkelingsprogramme is ook nie in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1995/96 aangevind nie. Hierdie resultate sluit egter nie enige oorbesteding in waarvoor in die Aansuiweringsbegroting voorsiening gemaak is nie.

## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings


### Binnelandse produksie

Die groei in die *reële bruto binnelandse produk*, wat in die vierde kwartaal van 1994 van 'n jaarkoers van 6½ persent skerp afwaarts beweeg het tot 1½ en 2 persent in die eerste twee kwartale van 1995, het in die laaste twee kwartale van die jaar effens tot 3 en 2½ persent herstel. Dit het die groei in reële produksie vir die volle kalenderjaar 1995 op bykans 3½ persent te staan gebring – die hoogste koers sedert 1988. In 1994 het die binnelandse produksie met 2½ persent uitgebrei. Die hoër groei in 1995 is bereik ondanks produksie wat ernstig deur skerp dalings in die reële toegevoegde waarde van die primêre sektore van die ekonomie belemmer is; die groei in die reële produksie van die nie-primêre sektore het in 1995 op 4½ persent te staan gekom.

Die droogte gedurende die vorige seisoen in die somerreënvalgebiede het 'n hewige uitwerking op die bruto inkomste van boere gehad. Boerderywinste is ook ná die verslapping van beheermaatreëls deur die invoer van goedkoop landbouprodukte aan bande gelê. Die reële toegevoegde waarde van die *landbousektor* het gevloeglik in 1995 met sowat 15 persent gedaal. Teen die einde van die jaar het die koers van afname meer gelyk verloop toe boerdery-inkomste deur 'n beter-as-verwagte koringoes aangehelp is.

'n Herstel in die reële toegevoegde waarde van die *mynboubedryf* in die tweede helfte van 1995 kon nie 'n afname van 3½ persent in die reële produksie van die mynbousektor vir die jaar in die geheel voorkom nie. Dalings het hoofsaaklik in die produksiehoeveelhede van goud- en diamantmyne voorgekom omdat hierdie bedrywighede deur arbeidsprobleme geteister is.

### Reële bruto binnelandse produk



**Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk**

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Sekture	1994		1995			Jaar
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	
Primêre sektor .....	2½	-12½	-22	-17	1	-8
Landbou.....	12	-15½	-42	-50	-2½	-15
Mynbou .....	-2½	-10½	-7½	6	2½	-3½
Sekondêre sektor.....	2½	6½	8½	7	-1½	6½
Fabriekswese .....	2½	7	10	8½	-3	7½
Tertiêre sektor .....	2½	2½	5	4½	4	3½
Handel.....	4	2½	9	8½	9	6
Vervoer en kommunikasie.....	3½	6½	7½	6	3½	4½
Finansiële dienste .....	3	3	4	4	2½	4
Nie-primêre sektor .....	2½	4	6	5½	2	4½
<b>Totaal .....</b>	<b>2½</b>	<b>1½</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>2½</b>	<b>3½</b>

Diamantmynbou is verder beperk deur diamantverkope van buitelandse organisasies op die internasionale mark waar bestaande ooreenkomsverontagsaam is. Die produksie van die goudmyne is ook nadelig getref deur die daling in die gehalte van die erts wat gemaal is weens 'n afname in die beskikbaarheid van erts met 'n hoë goudinhoud, die verwerking van bogrondse ontginningsmateriaal van lae gehalte om die dalende ondergrondse produksie aan te vul en die probleme om die ertsgehalte te verhoog sonder om bedryfskoste te laat styg.

Die groei in die reële produksie van die *nie-primêre sektore* van die ekonomie het van 6 persent in die tweede kwartaal van 1995 en 5½ persent in die derde kwartaal tot 'n betreklik lae 2 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. 'n Daling teen 'n jaarkoers van 1½ persent in die produksie van die sekondêre sektore was hoofsaaklik vir hierdie laer groei verantwoordelik, maar die koers van toename in die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore het ook verminder.


Die reële toegevoegde waarde van die *fabrieks-wesesektor* het in die vierde kwartaal van 1995 teen 'n koers van 3 persent gedaal. Dit het op hoë koerse van toename in die voorafgaande drie kwartale gevvolg. Die vermindering van fabrieksproduksie in hierdie kwartaal het waarskynlik ontstaan as gevolg van die uitskakeling van agterstande met aflewerings wat deur 'n afname in die reële waarde van onvoltooide bestellings bevestig is, terwyl die onderliggende vraag skynbaar stewig gebly het. Fabrieksproduksie was in 1995 egter steeds 7½ persent hoër as in 1994. Die toename in fabrieksproduksie in 1995 is deur beter arbeidsbetrekkinge as in die voorafgaande jaar aangehelp.

Die reële toegevoegde waarde van die sektor wat *elektrisiteit, gas en water voorsien*, het in 1995 deurentyd sterk gestyg en vir die jaar in die geheel op 3½ persent te staan gekom; in 1994 is dieselfde groeikoers behaal. Hierdie sterk groei kon toegeskryf word aan die bykomende vraag wat deur die uitbreiding van die elektrisiteitsnetwerk in die minder ontwikkelde gebiede van die land ontstaan het, sowel as die toename in reële bedrywigheid.

In die *konstruksiebedryf* het die positiewe groei wat teen die einde van 1993 waargeneem is, deurgaans in 1994 en 1995 verder toegeneem. Dit het gevvolg op 'n lang tydperk van dalende produksievlekke in die jongste resessie. Die groei in die reële toegevoegde waarde van die *konstruksieondernemings* het in 1995 bykans 2 persent bedra; in die voorafgaande jaar was dit effens laer op net meer as 1 persent. Die styging is hoofsaaklik teweeggebring deur die verbetering in die vraag na woonhuise, wat die middelmatige vertoning van die siviele kontrakteurs teengewerk het.

Al die belangrikste subsektore het tot die betreklike sterk groei in die reële toegevoegde waarde van die *tersiêre sektore* in 1995 bygedra. Die bedrywigheid in die klein-, groot- en motorhandel is versterk deur die positiewe sienswyse van verbruikers, stygende persoonlike beskikbare inkome, die beskikbaarheid van

## Reële bruto nasionale produk



krediet, die hoér vlak van vaste investering in vervoertoerusting, die beteueling van prystoename en die suksesvolle bekendstelling van nuwe motors teen laer pryse. Die hoë groei in vervoer, kommunikasie en finansiële dienste is gerugsteun deur die algemene lewenskragtigheid van die totale binnelandse vraag, verhoogde buitelandse handel, die skerp toename in buitelandse toerisme en die toenemende inskakeling van Suid-Afrika se finansiële markte by die finansiële netwerk van die wêreld.

Die groei in die reële binnelandse produksie in die vierde kwartaal van 1995 is in 'n sekere mate deur 'n toename in Suid-Afrika se netto faktorbetalings aan die res van die wêreld en 'n verswakkende in die ruilvoer teengewerk; die groei in die reële *bruto nasionale produk* was gevvolglik laer as die groei in die reële *bruto binnelandse produk*. Die groei in die reële *bruto nasionale produk* het boonop van 4 persent in 1994 tot 3 persent in 1995 gedaal. Die reële *bruto nasionale produk* per hoof van die bevolking het dus met minder as 1 persent gestyg, wat die totale toename in die reële inkome per hoof van die bevolking van Suid-Afrikaanse burgers in die jongste ekonomiese opwaartse beweging op slegs 2½ persent te staan gebring het. In die resessie van 1989-93 het die reële inkome per hoof van die bevolking met nie minder nie as 12 persent gedaal.

## Binnelandse besteding

Die groei van kwartaal tot kwartaal in die reële *bruto binnelandse besteding* het in 1995 positief gebly, maar

**Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding**

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Komponente	1994			1995		
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Private verbruiksbesteding .....	3	4	5½	6½	5	5
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid.....	4	-2	½	2	2	½
Bruto binnelandse vaste investering.....	8½	8	8	7½	4	10½
Verandering in voorrade (R miljarde).....	4,7	8,0	9,6	6,9	6,3	7,7
<b>Bruto binnelandse besteding .....</b>	<b>6½</b>	<b>2½</b>	<b>7</b>	<b>1</b>	<b>4½</b>	<b>5½</b>


gedurende die jaar aansienlik gewissel (kyk tabel 2). Vir die volle kalenderjaar 1995 is die groei in die reële binnelandse besteding op 5½ persent geraam; in 1994 was die groei effens hoër teen 6½ persent. Binnelandse investering en private verbruiksbesteding het die belangrikste bydrae tot die hoë binnelandse vraag gemaak en slegs 'n matige toename is in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid aangeteken.

Nadat 'n hoë toename in reële *private verbruiksbesteding* teen 'n jaarkoers van 5½ persent in die vierde kwartaal van 1994 aangeteken is, het dit in 1995 sterk bly toeneem. As gevolg van 'n hoë vlak van optimisme onder verbruikers, was huishoudings bereid om reële lopende verbruiksbesteding in 1995 met 5 persent te verhoog, terwyl die toename in reële persoonlike beskikbare inkomte slegs 2½ persent was. Die gevoldlike toename in die gemiddelde verbruiksgeneigdheid is bereik ten koste van besparing deur private huishoudings


en het 'n vinnige ophoping van verbruikerskrediet veroorsaak.

Al die hoofkomponente het tot die styging in verbruiksbesteding bygedra, maar die vernaamste stukrag het van die reële besteding aan duursame goedere gekom, wat met 9 persent in 1995 toegeneem het. Persoonlike vervoertoerusting was veral in aanvraag. Vervangingsvraag vanweë verouderde voertuie en motordiefstal, 'n daling in die relatiewe pryse van 'n aantal nuwe modelle en aggressiewe bemarkingstrategieë het aan die vraag na nuwe motors stukrag verleen. Groot toenames is ook in die besteding aan semi-duursame goedere, soos meubels en toestelle, motoronderdele en

### Reële bruto binnelandse besteding



### Totale reële private verbruiksbesteding



-toebehoere en klerasie en skoeisel aangeteken. Die reële besteding aan hierdie soort goedere het in 1995 met 6 persent gestyg.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid was in 1995  $\frac{1}{2}$  persent bokant die vlak van 1994; dit was aansienlik laer as die koers van toename van 4 persent in die voorafgaande jaar. Die verhouding van die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid tot die bruto binnelandse produk het gevoldig van 21 persent in 1994 tot 20% persent in 1995 verminder. Gedurende 1995 was daar egter 'n effense opwaartse beweging in die koers van toename van reële owerheidsbesteding aan verbruiksgoedere en -dienste tot 'n steeds matige jaarkoers van 2 persent in die vierde kwartaal.

Een van die hoofkenmerke van die jongste ekonomiese opwaartse beweging is die sterk groei in die totale reële bruto binnelandse vaste investering van  $8\frac{1}{2}$  persent in 1994 en  $10\frac{1}{2}$  persent in 1995. In die vierde kwartaal van 1995 het die koers van toename in die reële vaste kapitaalvorming egter van 'n gemiddelde jaarkoers van 8 persent in die eerste drie kwartale van die jaar tot 4 persent verlangsaam. Hierdie verlangsaming in investering was hoofsaaklik die gevolg van die voltooiing van sekere groot kapitaalprojekte in die private sektor en die verlangsaming in die kapitaalbesteding deur openbare korporasies.


Die reële vaste investering in die private sektor was aanvanklik hoofsaaklik beperk tot kapitaalbesteding aan groot nuwe kapitaalprojekte, maar later het dit betreklik

wydverspreid voorgekom namate die ekonomiese herstel momentum begin kry het. Groot besteding is aangegaan vir die aankoop van voertuie en masjinerie en toerusting om verouderde produksietoerusting te vervang wat in die jare van sanksies teen die land vir langer tydperke as die normale ekonomiese leeftyd gebruik is. Verder het die hoër vlakke van die vraag en toenemende mededinging uit die buiteland die behoefte na modernisering en bykomende produksievermoë verhoog.


In die fabriekswesese sektor was die reële investering veral sterk; dit het in 1995 met nie minder nie as 21 persent gestyg. In die ander sektore het die groei in die reële bruto vaste investering tussen 5 persent in die geval van die landbou en ongeveer  $12\frac{1}{2}$  persent in die handelsektor gewissel. As gevolg van hierdie investering in die fabriekswese, het die toename in die mate van kapasiteitsbenutting in hierdie sektor in die tweede helfte van 1995 afgeplat. Teen 83,4 persent was die benutting van die produksievermoë in die derde kwartaal van 1995 nietemin naby aan die benuttingskoers van 84,1 persent wat by die vorige hoogtepunt van die konjunktuur in 1989 aangeteken is.

Na merkbare dalings in die voorafgaande vier jare, het die reële vaste kapitaalvorming deur die *openbare korporasies* in 1995 met 15 persent toegeneem. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die uitbreiding van die elektrisiteitsnetwerk deur Eskom en die hoër besteding aan investering op masjinerie en vervoertoerusting deur Transnet. Die reële besteding aan vaste investering deur die *openbare owerhede* het in 1995 deurgaans traag

### Reële bruto binnelandse vaste investering



### Verandering in totale reële voorrade



gebly en benewens die plaaslike owerhede, het al die subsektore van die algemene owerheid negatiewe groei in vaste investering aangeteken.

Die opbouing van voorrade van die middel van 1993 het gedurende 1995 voortgeduur, maar die koers van voorraadopbouing het in die tweede helfte van die jaar iets verlangsaam. Vir die kalenderjaar 1995 het die voorraadopbouing ongeveer 1 persentasiepunt tot die groei in die bruto binnelandse produk bygedra. Die opbouing van voorrade het hoofsaaklik in die mynbou, fabriekswese en handel plaasgevind en is waarskynlik deur verwagtings van sterk stygings in verkope aangemoedig. As gevolg hiervan, het die verhouding van die nywerheids- en handelsvoorraade tot die bruto binnelandse produk buite die landbou tot 18 persent gestyg, vergeleke met 'n historiese laagtepunt van 16 persent in 1993.


### Faktorinkome en besparing

Die totale *nominale faktorinkome* teen markpryse, wat in 1993 en 1994 teen 12½ persent gestyg het, het in 1995 weer teen dieselfde koers toegeneem. Hierdie bestendigheid in die groei van die nominale faktorinkome moet teen die agtergrond van dalende inflasie en die toename in die groei in die reële produksie beoordeel word. Die betreklik bestendige persentasietoename in die faktorinkome is boonop behaal terwyl die koers van toename in die totale nominale bruto bedryfsurplus van 13½ persent in 1993 en 1994 tot 12 persent in 1995 verlangsaam het vanweë dalings in die bedryfsurplusse van die landbou en die mynbou. In teenstelling hiermee, het die groei in die nominale bedryfsurplusse van die nie-primêre sektore van ongeveer 11½ persent in 1994 tot 17½ persent in 1995 versnel. Die toename in die totale vergoeding van werknemers het in 1995 11½ persent bedra, vergeleke met 'n gemiddelde toename van 10½ persent in die twee voorafgaande jare.

*Bruto binnelandse besparing* in verhouding tot die bruto binnelandse produk het van 17 persent in 1994 tot 16½ persent in 1995 gedaal, wat daarop dui dat die land meer afhanklik van buitelandse fondse geword het om binnelandse investering te finansier. Hierdie daling is aangeteken ondanks 'n afname in die netto ontsparing van die owerheid in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 5 persent in 1994 tot 4 persent in 1995.

Die netto besparing van die private sektor het in 1995 verswak en die besparing deur huishoudings en die maatskappysektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk het van 8½ persent in 1994 tot 7 persent in 1995 gedaal. Hierdie resultaat is verkry ondanks die styging in die besparing van die maatskappysektor van 5½ persent van die bruto binnelandse produk in 1994 tot ongeveer 6 persent in 1995. Die ooreenstemmende besparingsverhouding van huishoudings het egter oor dieselfde tydperk van 3 persent tot 1 persent gedaal. Die inkome van huishoudings is in 1995 nadelig deur die swak bruto boerderyinkomste getref, terwyl die groei in die besteding

### Komponente van binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk




van huishoudings stewig gebly het. 'n Groot deel van die toename in besteding is met behulp van krediet gefinansier, wat die besparingskoers laat daal het en die verhouding van verbruikerskrediet tot persoonlike beskikbare inkome van 23 persent in 1994 tot 25½ persent in 1995 laat styg het.

### Werkverskaffing

Die oplewing in ekonomiese bedrywigheid het met 'n swak groei in die werkverskaffing gepaardgegaan, waarskynlik grotendeels as gevolg van die pogings van produsente om kostestygings in toom te hou en produksiedoeltreffendheid te verhoog. Die werkverskaffingsiklus het in die tweede kwartaal van 1994 eers 'n onderste draapunt bereik, met ander woorde ongeveer een jaar ná die begin van die ekonomiese oplewing. Selfs daarna was die groei in die werkverskaffing wisselvallig. Nadat die *totale werkverskaffing* in die sektore van die ekonomie buite die landbou vir negentien kalenderkwartale bykans ononderbroke gedaal het, het dit in die laaste twee kwartale van 1994 betreklik sterk teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 2,2 en 4,4 persent toegenem; dit het daarna in die eerste en tweede kwartaal van 1995 (die jongste kwartaal waarvoor inligting deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is) weer teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 0,8 en 1,6 persent gedaal. Slegs sowat 12 000 werkgeleenthede is van die begin van die ekonomiese oplewing tot die tweede kwartaal van 1995 geskep.

## Werkverskaffing in nie-landbousektore



Die daling in die werkverskaffing in die eerste helfte van 1995 kon geheel en al aan 'n afname in die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* toegeskryf word. Anders as die werkverskaffing in die private sektor, het die totale werkverskaffing deur die *openbare owerhede* bykans deur die hele resessie toegeneem. Pogings van die sentrale regering om toenames in sy lopende besteding in te kort, het daarná meegebring dat die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* in 1993 met 1,2 persent gedaal het. Sedert die derde kwartaal van 1993 het die werkverskaffing in die *openbare sektor* weer geneig om toe te neem, maar sporadiese afnames het van tyd tot tyd voorgekom. In die eerste helfte van 1995 het die werkverskaffing deur die *openbare*

*owerhede* skerp gedaal vanweë 32 000 werkgeleenthede wat deur die provinsiale regerings afgeskaf is.

Die totale werkverskaffing in die *private sektor buite die landbou* het gedurende elk van die kalenderjare van 1990 tot 1994 afgeneem en eers vanaf die tweede helfte van 1994 tekens van 'n toename begin toon. Dit het daarna in die vier kwartale tot die tweede kwartaal van 1995 toegeneem teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse wat tussen ongeveer 1 en 1½ persent gewissel het. In hierdie vier kwartale is 40 000 netto werkgeleenthede in die private sektor geskep, teenoor 'n toename van bykans 350 000 persone in die ekonomies bedrywige bevolking.

## Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename in die jaarlikse gemiddelde *nominale vergoeding per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het van 'n jongste hoogtepunt van 18,4 persent in 1989 tot 10,5 persent in 1993 en 12,0 persent in 1994 afgeneem. In die eerste ses maande van 1995 het die koers van toename van jaar tot jaar in die nominale salaris en lone per werker 11,1 persent bedra. Die laer stygings in lone was aanvanklik uitsluitlik die gevolg van 'n daling in die koers van toename in die nominale vergoeding per werker in diens van die *openbare owerhede* van 21,6 persent in 1989 tot 9,2 persent in 1993; dit het daarna egter in 1994 weer tot 14,9 persent gestyg, voordat dit teruggeval het tot slegs 4,9 persent in die eerste helfte van 1995 vergeleke met dieselfde tydperk in die voorafgaande jaar.

Teen ongeveer 15 persent in die tydperk 1989 tot 1992, was die koers van toename in die nominale vergoeding per werker in die *private sektor* gedurende die grootste deel van die jongste resessie betreklik onbuigsaam. Eers in 1993 het die loontoenames in die *private sektor* op die toenemende ooraanbod van arbeid begin reageer. Die koers van toename in die nominale vergoeding per werker in die *private sektor* het tot 11,2 persent in 1993 en tot 10,2 persent in 1994 gedaal. Die koers van toename van jaar tot jaar in die nominale vergoeding per werker in die *private sektor* het toe weer in die eerste helfte van 1995 tot 11,7 persent gestyg.


Sedert 1990 het die koers van toename in die vergoeding per werker die koers van toename in die prys van eindprodukte oorskry, behalwe vir 'n kort tydperk in 1993. Die koers van toename in die *reële vergoeding per werker* (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het trouens van 0,4 persent in 1990 tot 1,7 persent in 1992 versnel. Nadat die *reële loon per werker* in 1993 effens met 0,3 persent gedaal het, het dit weer in 1994 teen 'n hoë 3,3 persent toegeneem. Die *reële loon per werker* was in die eerste helfte van 1995 0,5 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

Die toename in die *reële arbeidsvergoeding* is in 'n mate deur 'n versterking in die arbeidsproduktiwiteit gesteun. Die koers van toename in die *arbeids-*

### Arbeidsproduktiwiteit en -vergoeding in nie-landbousektore



### Nominale en reële arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



produktiwiteit in die sektore van die ekonomie buite die landbou het van 0,4 persent in 1991 tot 2,8 persent in 1993 en 1994 gestyg; die koers van toename van jaar tot jaar het toe in die eerste helfte van 1995 min of meer op hierdie vlak gebly en 2,6 persent beloop. Hierdie toenames in produktiwiteit is egter behaal ten koste van dalende werkverskaffing. 'n Afname in die aantal mandaie wat weens stakings en ander werkstopsettings verlore gegaan het, het deels tot die produktiwiteitsgroei in 1995 bygedra.

Die koers van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* het van 17,3 persent in 1990 tot 7,4

persent in 1993 afgeneem – die laagstevlak sedert 1978. Die skerp opwaartse beweging in die nominale arbeidsvergoeding in 1994 het daarna aanleiding gegee tot 'n versnelling van die toename in die nominale arbeidseenheidskoste per eenheid fisiese produksie tot 9,1 persent in 1994. Die koers van toename van jaar tot jaar het toe weer in die eerste helfte van 1995 tot 6,3 persent gedaal. Hierdie stadiger groei het uiteraard deurslaggewend tot die afname in prysinflasie bygedra.

Die *reële arbeidseenheidskoste*, wat deur die grootste deel van die jongste resessie positief gebly het en in 1993 met 3,1 persent gedaal het, het weer in 1994 met 0,6 persent toegeneem. Hoë loontoenames het veroorsaak

**Tabel 3. Veranderings oor vier kwartale in arbeidsvergoeding, produktiwiteit en arbeidseenheidskoste in die sektore buite die landbou**

Percent

Tydperk	Reële vergoeding per werker	Arbeidsproduktiwiteit	Arbeidseenheidskoste	
			Nominaal	Reëel
1994: 1e kw .....	0,7	3,4	5,8	-2,6
2e kw .....	5,2	3,1	11,3	2,0
3e kw .....	4,0	2,5	10,0	1,5
4e kw .....	4,0	2,1	9,6	1,9
1995: 1e kw .....	2,2	2,4	8,3	-0,2
2e kw .....	-0,9	2,9	4,4	-3,6

dat die reële arbeidseenheidskoste onmiddellik na die begin van die oplewing in die ekonomiese bedrywigheid vanaf die derde kwartaal van 1993 gestyg het. Gedurende vorige opwaartse fases van die konjunkturgolf was daar gewoonlik 'n lang sloering tussen die toename in die bedrywigheid en die toename in die reële arbeidskoste per produksie-eenheid. Hierdie verandering in die konjunkturele patroon is waarskynlik 'n belangrike verklaring vir die swak reaksie van die formele werkverskaffing op die herstel in saketoestande. In die eerste helfte van 1995, was die reële arbeidseenheidskoste egter 2,1 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

### Pryse

Die laer toenames in die arbeidskoste per eenheid produksie was sedert 1993 'n belangrike bydraende faktor tot die daling in inflasie. Die volharding met 'n anti-inflasionêre monetêre beleid het in die tweede helfte van 1995 resultate begin lewer toe die koers van toename in sowel die produksie- as die verbruikerspryse begin afneem het. As gevolg hiervan het die inflasieverskil tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennootlande van 13,2 persentasiepunte in Januarie 1992 tot 4,0 persentasiepunte in Oktober 1995 vernou.

Die verlangsaming in inflasie in die tweede helfte van 1995 is aangehelp deur laer toenames en selfs dalings in voedselprysse. Hierdie gedrag in die prys van produkte soos vars vleis, groente, vrugte, koffie en tee kon op hul beurt weer toegeskryf word aan ontwikkelings soos:

- die droogte in die land wat boere genoop het om die aanbod van lewende hawe vir slagting te verhoog;
- die verlaging van invoertariewe wat die aanbod van ingevoerde vleis teen mededingende prys verhoog het;
- 'n matige winter wat meegebring het dat groentepryse stadiger gestyg het, veral vergeleke met die voorafgaande jaar se skerp stygings vanweë die baie koue weerstoestande;
- hervormings in die bemarking van landbouprodukte wat die prys van hierdie produkte toegelaat het om die onderliggende vraag- en aanbodstoestande meer getrou te weerspieël; en
- 'n herstel van die internasionale aanbod van koffie wat meegebring het dat die koers van toename in koffiepryse verminder het.



Hierbenewens het laer koers van toename in die prys van ingevoerde goedere ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die laer inflasiekoerse. Hierdie faktor het nie net regstreeks bygedra tot die daling in die inflasiekoerse nie, maar het waarskynlik ook 'n belangrike onregstreekse uitwerking gehad omdat baie binnelandse produsente die gebruik van invoerpariteitsprysvasstelling volg. Die laer koers van toename in die prys van ingevoerde goedere vanaf April 1995, het verband gehou met 'n appresiasie in die buitelandse waarde van die rand sedert Mei, 'n algemene verlaging in invoertariewe in ooreenstemming met die bepalings van die multilaterale

handelsonderhandelings, en die finale afskaffing van die bo-belasting op ingevoerde goedere in Oktober 1995.


Die gemiddelde vlak van die prys van *ingevoerde goedere* het as gevolg van hierdie ontwikkelings van die tweede tot die derde kwartaal van 1995 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,3 persent gedaal en toe in die vierde kwartaal van 1995 slegs matig teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2,8 persent toegeneem. Hierdie veranderings kan vergelyk word met koers van toename van kwartaal tot kwartaal (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) van 12,7 en 12,6 persent in die eerste twee kwartale van 1995. Die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die prys van ingevoerde goedere het per saldo van 'n hoogtepunt van 10,5 persent in April 1995 tot 5,8 persent in Desember gedaal.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *binnelands geproduseerde goedere* het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,4 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 2,8 persent in die derde kwartaal gedaal. In die daaropvolgende kwartaal het 'n betreklike skerp stygging in voedselprysse veroorsaak dat die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van binnelands geproduseerde goedere weer tot 9,8 persent versnel het. Die koers van

### Produksiepryse



## Verbruikerspryse



toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het ook van 'n jongste hoogtepunt van 11,7 persent in April 1995 tot 8,1 persent in Augustus afgeneem, maar toe weer tot 9,2 persent in Desember 1995 gestyg.

As gevolg van hierdie veranderings in sy twee komponente, het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende produksieprysindeks* (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) van 13,2 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 2,7 persent in die derde kwartaal gedaal en daarna effens tot 7,9 persent in die vierde kwartaal gestyg. Die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die *omvattende produksieprysindeks* het van 11,5 persent in April 1995 tot 7,6 persent in September gedaal, voordat dit weer tot 8,5 persent in Desember 1995 gestyg het. Ondanks hierdie jongste verbeterings in die produksiepryse, het die toename in die gemiddelde jaarlikse vlak van die *omvattende produksieprysindeks* van 8,2 persent in 1994 tot 9,6 persent in 1995 toegeneem.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings in die produksiepryse, het die koers van toename in die *omvattende verbruikersprysindeks* ononderbroke van 'n hoogtepunt van 15,3 persent in 1991 tot 8,7 persent in

1995 gedaal – die laagste koers van toename sedert die 6,1 persent wat in 1972 aangeteken is. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende verbruikersprysindeks het sy laagste vlak sedert die tweede kwartaal van 1968 bereik toe dit in die derde kwartaal van 1995 tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,7 persent afgeneem het; dit het daarna in die vierde kwartaal weer tot 'n steeds lae 4,8 persent toegeneem.

Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks het per saldo van 'n hoogtepunt van 11,0 persent in April 1995 tot 'n laagtepunt van 6,3 persent in Oktober gedaal. Soos reeds aangetoon is, was laer voedselprys 'n belangrike faktor in die verlaging van inflasie. Die onderliggende inflasiekoers (dit wil sê die verandering in die omvattende verbruikersprysindeks met uitsluiting van die pryse van voedsel en nie-alkoholiese drank, huiseienaarskoste en die belasting op toegevoegde waarde) het egter ook van 9,2 persent in Mei 1995 tot 7,8 persent in Oktober afgeneem. Die onderliggende inflasiekoers het toe verder tot 7,4 persent in Desember 1995 gedaal, terwyl die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks tot 6,9 persent terugbeweeg het.

## Buitelandse handel en betalings

### Lopende rekening



Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat in die tweede helfte van 1994 ontstaan het, het vinnig toegeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R6,4 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R12,2 miljard in die derde kwartaal van 1995 en tot nie minder nie as R15,0 miljard in die vierde kwartaal. Die tekort vir 1995 in die geheel het R12,7 miljard of 2½ persent van die bruto binnelandse produk beloop; dit was opmerklik hoër as die tekort van R2,2 miljard of ½ persent van die bruto binnelandse produk in 1994.

'n Voortgesette sterk toename in die waarde van goedere-invoer wat die stygging in die vlak van goedere-uitvoer meer as geneutraliseer het, was hoofsaaklik vir die toenemend groter negatiewe saldo op die lopende rekening in 1995 verantwoordelik. Die opbrengs uit netto gouduitvoer het boonop gekrimp en netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het bly toeneem.

Die waarde van goedere-invoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), het skerp opwaarts beweeg van R85,8 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R101,4 miljard in die derde kwartaal van 1995, en daarna tot R100,2 miljard in die vierde kwartaal gedaal. Vir die volle kalenderjaar 1995 was die waarde van invoer 29 persent hoër as in die voorafgaande jaar. Hierdie aansienlike toename het hoofsaaklik met die fisiese omvang van invoer verband gehou: die hoeveelheid ingevoer het in die eerste nege maande van 1995 baie skerp toegeneem, met die gevolg dat die groei in 1995 op 20 persent te staan gekom het. Hoewel stygings in al die vernaamste kategorieë van invoer aangeteken is, is betekenisvolle toenames in masjinerie en elektriese toerusting, voertuie en vervoertoerusting, en mineraalprodukte geregistreer.

Invoerpryse het in die eerste helfte van 1995 teen 'n betreklik vinnige koers bly versnel en daarna in die tweede helfte effens gedaal. Die sterk buitelandse

### Lopende rekening



waarde van die rand en die betreklik lae inflasiekoerse in Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande was die belangrikste faktore wat vir hierdie ommekteer in invoerpryse verantwoordelik was. Die gemiddelde vlak van invoerpryse was in 1995 nietemin 7½ persent hoër as in die voorafgaande jaar, wat bykans gelyk was aan die koers van toename van 8 persent in 1994.

Nadat die waarde van goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in 1994 skerp


**Tabel 4. Lopende rekening van die betalingsbalans**

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse


R miljarde

	1994				1995	
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Goedere-uitvoer.....	65,0	81,4	79,0	81,2	82,4	81,0
Netto gouduitvoer .....	22,6	20,0	19,3	23,3	18,0	20,2
Goedere-invoer.....	-76,3	-94,5	-97,7	-101,4	-100,2	-98,5
Netto dienste- en oordragbetalings .....	-13,5	-15,6	-15,4	-15,3	-15,2	-15,4
<b>Saldo op lopende rekening .....</b>	<b>-2,2</b>	<b>-8,7</b>	<b>-14,8</b>	<b>-12,2</b>	<b>-15,0</b>	<b>-12,7</b>

### Reële goedere-invoer en -uitvoer



### Netto dienste- en oordragbetalings



toegeneem het, het dit deurgaans in 1995 rondom 'n min of meer horizontale vlak gewissel. Die gemiddelde waarde van goedere-uitvoer was egter steeds 24½ persent hoër as die uitvoerverdienste in 1994. In die besonder het die uitvoer van vervaardigde goedere (chemiese produkte, masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en papierprodukte) sowel as mynbouprodukte goed vertoon, terwyl die swak landbouthouerstande in daardie stadium die groei in die uitvoer van landbouprodukte belemmer het.

Sowel hoeveelheids- as prystoename het in 1995 tot die styging in die gemiddelde waarde van goedere-uitvoer bygedra. Die hoeveelhede van uitvoer het met 16 persent uitgebrei, wat aansienlik hoër as die toename van 3 persent in 1994 was. In verhouding tot die reële bruto binnelandse produk, het die goedere-uitvoer teen konstante prys van 17½ persent in 1994 tot 20 persent in 1995 gestyg; hierdie verhoudings was aansienlik hoër as die laagtepunt van 10½ persent in 1984. 'n Daling in internasionale grondstofpryse en die sterk internasionale waarde van die rand in die tweede helfte van 1995 het tot 'n afplatting in die opwaartse beweging in uitvoerpryse geleid. Uitvoerpryse het nogtans in 1995 met 7½ persent gestyg, nadat dit in 1994 met 11½ persent toegeneem het.

Die waarde van *netto gouduitvoer* het deurgaans in 1995 laag gebly, met die gevolg dat die goudverdienste in die jaar in die geheel met 11 persent gedaal het. Die hoeveelheid van netto gouduitvoer het in 1995 met 13½ persent teruggesak vanweë die swak prestasie in die binnelandse goudproduksie wat vroeër in meer

besonderhede beskryf is. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud het van R1 363 per fyn ons in 1994 tot R1 393 per fyn ons in 1995 gestyg. Uitgedruk in VSA-dollars, het die gemiddelde goudprys in 1995 onveranderd op \$384 per fyn ons gebly. 'n Skerp styging in die beleggersvraag na goud het aan die begin van 1996 'n oplewing in die goudprys tot gevolg gehad, wat meegebring het dat die gemiddelde maandelikse goudprys in Januarie 1996 tot \$399 per fyn ons verstewig het.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het van R13,5 miljard in 1994 tot R15,4 miljard in 1995, of met 13 persent, gestyg. Hoër betalings vir vrag en versekering op invoer en rentebetalings op die skerp stygende buitelandse skuld was hoofsaaklik vir hierdie toename verantwoordelik. Hierdie hoër betalings is slegs deels teengewerk deur 'n toename in die ontvangste uit toerisme voortspruitend uit die groter aantal buitelanders wat Suid-Afrika in 1995 besoek het.

### Kapitaalrekening

'n Voortgesette groot totale *netto invloeiing van kapitaal* nie verwant aan reserwes nie is in die vierde kwartaal van 1995 op die kapitaalrekening van Suid-Afrika se betalingsbalans aangeteken. Die totale netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het boonop van R3,8 miljard in die derde kwartaal van 1995 tot R7,4 miljard in die vierde kwartaal toegeneem – die grootste kwartaallikse invloeiing wat aangeteken is sedert die ommekeer in kapitaalbewegings na afloop van die

**Tabel 5. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie**

R miljarde

	1994		1995			Jaar
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede.....	3,5	-0,1	1,5	-	0,2	1,6
Openbare korporasies .....	0,6	-0,4	-0,2	1,1	1,9	2,4
Private sektor .....	-0,6	1,0	2,4	1,7	3,4	8,5
<b>Totaal .....</b>	<b>3,5</b>	<b>0,5</b>	<b>3,7</b>	<b>2,8</b>	<b>5,5</b>	<b>12,5</b>
Korttermynkapitaal.....	1,9	5,0	1,3	1,0	1,9	9,2
<b>Totale kapitaal.....</b>	<b>5,4</b>	<b>5,5</b>	<b>5,0</b>	<b>3,8</b>	<b>7,4</b>	<b>21,7</b>

verkiesing van die Regering van Nasionale Eenheid. Vir die kalenderjaar 1995 in die geheel het die totale netto invloeiing van kapitaal gevvolglik R21,7 miljard beloop. Hierdie invloeiing het gevvolg op 'n netto invloeiing van R5,4 miljard in 1994. Die kumulatiewe netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het vanaf die middel van 1994 tot aan die einde van 1995 op R30,8 miljard te staan gekom, vergeleke met 'n netto uitvloeiing van kapitaal van R51,7 miljard vanaf die begin van 1985 tot die tweede kwartaal van 1994.

Die verbetering in die kapitaalrekening in 1995 was hoofsaaklik die gevolg van 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal, dit wil sê kapitaal met 'n oorspronklike looptyd van langer as een jaar of met 'n onbepaalde looptyd. 'n Groot deel van die invloeiing van langtermynkapitaal het egter uit portefeuillebeleggings bestaan wat minder permanent en meer onbestendig kan wees. In 1995 was nie-inwoners netto aankopers van sekuriteite ten bedrae van R6,0 miljard in die formele en informele markte, wat bykans die helfte van die totale netto invloeiing van langtermynkapitaal van R12,5 miljard verteenwoordig het.

Verskeie faktore het tot die groot oorblywende en meer permanente deel van die invloeiing van langtermynkapitaal in 1995 bygedra, soos:

- Die omrolling van sommige van die land se vaste terugbetalingsverpligte op buitelandse skuld in die lig van die betreklik gunstige kredietgraderings wat die land ontvang het. Skuldverpligte wat in 1995 terugbetaalbaar was, het nie minder nie as R7,9 miljard beloop.
- Die plasing van verskeie effekte-uitgifte op die internasionale kapitaalmarkte gedurende 1995 deur die openbare owerhede, openbare korporasie en die banksektor wat in totaal op R4,1 miljard te staan gekom het; in die vierde kwartaal van 1995 het buitelandse fondse wat deur internasionale effekte-uitgifte verkry is, R1,8 miljard bedra.
- Sindikaatlénings wat eers deur die banksektor en later


ook deur die openbare korporasies aangegaan is om binnelandse projekte te finansier. Die aflossingstruktuur van hierdie lenings het gedurende 1995 ook aansienlik langer geword. Aanvanklik was slegs sindikaatlénings van een jaar beskikbaar; sedert die vierde kwartaal van 1995 was Suid-Afrikaanse banke suksesvol met leningsonderhandelings vir 'n aflossingstermijn van drie jaar.

Netto korttermynkapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie, met inbegrip van onaangegetekende transaksies, het van 'n groot invloeiing van R5,0 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot 'n invloeiing van gemiddeld R1,4 miljard in die volgende drie kwartale gedaal. Hierdie kleiner invloeiing kon hoofsaaklik aan 'n afname in handelsverwante laste toegeskryf word. Suid-Afrikaanse banke het egter voortgegaan om aansienlik in die buiteland te leen om hul binnelandse kredietverlening te finansier. Afgesien van netto langtermynlenings van R1,3 miljard, het private banke in 1995 korttermynlaste ten bedrae van R9,0 miljard in die buiteland bekom. Hierdie vloeiinge was grotendeels vir die totale netto invloeiing van korttermynkapitaal van R9,2 miljard in die kalenderjaar 1995 verantwoordelik, vergeleke met R1,9 miljard in die voorafgaande jaar. In teenstelling met dié lening van korttermynfondse deur die banksektor, het die openbare owerhede en die private nie-banksektor netto terugbetaalings op hul buitelandse korttermynskuld gemaak.


#### Buitelandse reserwes

Die aansienlike netto invloeiing van kapitaal in 1995 was meer as voldoende om die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans te finansier, met die gevolg dat die *netto goud- en ander buitelandse reserwes* gedurende die jaar met R9,1 miljard gestyg het. Verreweg die grootste kwartaallikse toename, naamlik R4,4 miljard, is in die vierde kwartaal van 1995 aangegetek. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het egter in

## Langtermynkapitaalbewegings



## Korttermynkapitaalbewegings




Januarie 1996 met R0,5 miljard gedaal.

Die betekenisvolle verbetering in die algehele betalingsbalansposisie het die Reserwebank in staat gestel om sy uitstaande reserwe-verwante laste in November 1995 ten volle terug te betaal; die uitstaande buitelandse lenings van die Bank het aan die einde van Desember 1994 R5,1 miljard beloop. Vanaf April 1994 het die Reserwebank nou lenings ter waarde van R8,5 miljard terugbetaal wat vroeër aangegaan is om die bruto buitelandse batebesit van die land aan te vul.

Suid-Afrika se totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het van R14,1 miljard aan die einde van

## Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



1994 tot R15,2 miljard aan die einde van September 1995 en R18,2 miljard aan die einde van Desember 1995 gestyg. Na 'n toename van R2,2 miljard in Desember 1995, het die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank in Januarie 1996 met R229 miljoen afgeneem. Sonder om die kredietfasilitete van die monetêre owerheid in aanmerking te neem, was die totale buitelandse reserwes van die land aan die einde van Desember 1995 gelykstaande aan sewe weke se invoer van goedere en dienste.

## Mark in buitelandse valuta

Die algemene bestendigheid in die internasionale mark in buitelandse valuta was waarskynlik hoofsaaklik verantwoordelik vir die klein daling in die netto daagliks omset (bruto syfers aangepas vir dubbeltelting na aanleiding van binnelandse interbanksake) in buitelandse valuta in Suid-Afrika van \$5,2 miljard in die derde kwartaal van 1995 tot \$5,0 miljard in die vierde kwartaal. Veral die omset in termyndekking het oor hierdie tydperk verminder, terwyl die omset in kontanttransaksies matig gestyg het.

Nadat die nominale effektiewe wisselkoers van die rand in die eerste vyf maande van 1995 met 7,6 persent gedaal het, het dit tot aan die einde van Desember 1995 met 4,4 persent gestyg. Hierdie stygging het die daling in die geweegde gemiddelde waarde van die rand in 1995 op 3,6 persent te staan gebring; dit was aansienlik minder as die daling van 8,5 persent in die kalenderjaar 1994. In Januarie 1996 het die nominale effektiewe wis-

**Tabel 6. Veranderings in die wisselkoerse van die rand**

Percent

	31 Des 1994 tot 31 Mei 1995	31 Mei 1995 tot 31 Des 1995	31 Des 1994 tot 31 Des 1995	31 Des 1995 tot 31 Jan 1996
Geweegde				
gemiddelde .....	-7,6	4,4	-3,6	1,4
VSA-dollar.....	-3,3	0,5	-2,9	-0,1
Britse pond .....	-6,0	4,1	-2,1	2,6
Duitse mark.....	-13,3	3,8	-10,0	3,5
Japanse yen.....	-19,4	24,4	0,2	3,7
Nederlandse				
gulden.....	-13,3	3,8	-10,1	3,5
Italiaanse lira.....	-4,0	-1,5	-5,4	0,7


selkoers van die rand verder met 1,4 persent toegeneem.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die rand in 1995 teenoor al die vernaamste geldeenhede, met die uitsondering van die Japanse yen, gedepresieer. Groot depresiasies is in die besonder teenoor die Duitse mark en Nederlandse gulden aangeteken.

Die toename in die nominale effektiewe wisselkoers

van die rand en die kleiner inflasiedifferensiaal tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennootlande, het 'n toename van 5,3 persent in die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand van Mei 1995 tot Desember tot gevolg gehad. Aan die einde van Desember 1995 was die reële effektiewe wisselkoers van die rand gevölglik 1,5 persent hoër as die vlak aan die einde van 1994.

#### Effektiewe wisselkoerse van die rand



## Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

### Geldvoorraad

Die koers van toename oor twaalf maande in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3)*, wat in Julie 1994 'n boonste draapunt van 16,9 persent bereik het, het in Februarie 1995 tot 11,8 persent gedaal en in Junie tot 16,8 persent gestyg voordat dit in November tot 13,8 persent afgeneem het. In Desember 1995 het dit skerp tot 15,1 persent gestyg. Die betreklik vinnige groei in die geldvoorraad gedurende 1995 was hoofsaaklik vraaggedreve, wat die hoër vlak van ekonomiese bedrywigheid en toenames in besteding aan verbruik, investering en voorraadopbouing weerspieël het. Die likwiditeitsvoordeur van die private sektor het gedurende dieselfde tydperk gestyg, onder ander as gevolg van verwagte rentekoersveranderings en in afwagting van groot aanpassings in die aandele- en effektemark.


Die groei in M3 van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse het in die tweede kwartaal van 1995 'n hoogtepunt van 27,3 persent bereik en daarna tot 15,5 persent in die derde kwartaal en 6,9 persent in die vierde kwartaal afgeneem. Hierdie laer groei is aangeteken terwyl die reële ekonomiese bedrywigheid ietwat versnel het en het waarskynlik gedui op 'n afname in die ware likwiditeitsvoordeur, vanweë die skerp styging in die aandele- en effektepryse in die

tweede helfte van die jaar. Die gaping tussen banke se deposito- en uitleenkoerse het ook gedurende hierdie tydperk vergroot, wat bevorderlik vir disintermediasieprakteke en 'n verlangsaming in monetêre groei is.


Die groei in die geldvoorraad gedurende 1995 het nietemin die *monetêre riglyne* vir die tweede agtereenvolgende jaar oorskry. Gedurende die riglynjaar 1994 het die groeikoers in M3 van die vierde kwartaal van 1993 tot die vierde kwartaal van 1994 14,6 persent beloop, teenoor die riglyngebied van slegs 6 tot 9 persent. Nadat die maandelikse waardes van M3 in die eerste twee maande van 1995 binne die riglyngebied gebly het, het dit die ooreenstemmende waardes van die boonste perk van die riglyngebied sedert Maart 1995 herhaaldelik oorskry. Die groei in die kwartaallikse gemiddelde waarde van die omvattend gedefinieerde geldvoorraad van die vierde kwartaal van 1994 tot die vierde kwartaal van 1995 het uiteindelik op 14,3 persent te staan gekom; dit was aansienlik hoër as die boonste perk van die riglyngebied van 6 tot 10 persent.

Soos in die bygaande grafiek getoon word, het die groeikoerse oor twaalf maande in die *eng gedefinieerde monetêre totale* oor die algemeen dieselfde patroon as die ooreenstemmende koerse van toename in M3 getoon. Die groeikoerse in die *eng gedefinieerde totale* het egter meer gewissel en was oor die algemeen hoër as dié van M3 in 1994 en die eerste drie maande van 1995. Hierdie hoë groeikoerse was in daardie stadium waarskynlik 'n weerspieëling van die likwiditeitsvoordeur van deposante in die private sektor as gevolg van verwagte stygings in rentekoerse. Sedert die middel van

### Riglyne vir groei in M3



### Monetêre totale



1995 het die koerse van toename oor twaalf maande in die enger monetêre totale, met die uitsondering van M1, oor die algemeen met dié van M3 ooreengestem, maar dit was aansienlik laer. Die betreklik vinniger groei in M3 as in die enger monetêre totale gedurende hierdie tydperk was die resultaat van 'n verskuiwing van onmiddellik opeisbare deposito's na ander kort- en middeltermyndeposito's en langtermyndeposito's by die monetêre sektor, veral toe verwagtings van 'n afname in langertermynrentekoerse ontstaan het.

In 'n rekeningkundige of statistiese sin was die teenhangers van die toename van R37,0 miljard in M3 gedurende 1995 soos volg:

	R miljarde
Netto buitelandse bates .....	-
Netto goud- en buitelandse valuta-reserwes.....	9,1
Netto ander buitelandse bates .....	-9,1
Netto eise teen die regeringsektor .....	-9,7
Bruto eise .....	-0,1
Regeringsdeposito's .....	9,6
Eise teen die private sektor .....	47,1
Netto ander bates en laste .....	-0,4
<b>Toename in M3 .....</b>	<b>37,0</b>

### Kredietverlening

Die groei oor twaalf maande in die *totale binnelandse kredietverlening* deur die monetêre sektor het van 19,9 persent in Desember 1994 tot 11,0 persent in November 1995 gedaal, maar weer tot 13,2 persent in Desember

gestyg. Hierdie laer koers van toename in kredietverlening was hoofsaaklik die gevolg van 'n inkrimping in die netto eise van monetêre instellings teen die regeringsektor vanweë 'n skerp styging in regeringsdeposito's by banke. Die netto kredietverlening aan die regeringsektor het veral gedurende die tweede helfte van 1995 skerp gedaal.

Die koers van toename oor twaalf maande in die *kredietverlening aan die private sektor* deur monetêre instellings het van 'n reeds hoë 17,0 persent in Desember 1994 tot 'n hoogtepunt van 19,5 persent in Junie 1995 gestyg; dit het daarna effens teruggesak tot onderskeidelik 16,7 persent en 17,5 persent in November en Desember. Hierdie maandelikse groeikoerse het die koers van toename oor twaalf maande in die verbruikersprysindeks sedert Maart 1994 oorskry, wat daarop duï dat kredietverlening reëel gesproke voortdurend positief was. Die koers van toename oor twaalf maande in reële kredietverlening aan die private sektor het egter in die jongste tyd van 10,9 persent in September 1995 tot 9,9 persent in Desember 1995 verminder. Die groei van kwartaal tot kwartaal (teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse) het ook afgeneem, te wete van 21,3 persent in die tweede kwartaal van 1995 tot 14,1 persent in die vierde kwartaal.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens soort *krediet* toon dat die groeikoers oor twaalf maande in die belangrikste kategorieë van kredietverlening in 1995 aansienlik gewissel het. Die volgende vernaamste neigings was waarneembaar:

- die groei in verbandvoorskotte het in die tweede helfte van die jaar begin afneem;
- afbetaalingsverkope het steeds teen buitengewoon hoë koerse toegeneem;
- bruikhuurfinansiering het in die tweede helfte van die jaar begin om vinnig uit te brei as gevolg van lewendige verkope van nuwe motorvoertuie;
- die groei in beleggings en wissels wat verdiskonter is, het tot betreklik lae koerse gekrimp; en
- die koers van toename in "ander lenings en voorskotte", wat in die eerste helfte van die jaar versnel het, het in die laaste ses maande verlangsaam.

In absolute terme is kredietverlening deur monetêre instellings aan die private sektor gedurende 1995 deur verbandvoorskotte en "ander lenings en voorskotte" oorheers. Hierdie twee kredietinstrumente het R34,3 miljard of ongeveer 73 persent tot die totale toename van R47,1 miljard in kredietverlening aan die private sektor bygedra.

Kredietverlening deur monetêre instellings aan *huishoudings* het in 1995 met R26,0 miljard of 18,7 persent gestyg. Die koers van toename oor twaalf maande in die kredietverlening aan huishoudings het van 14,7 persent in Desember 1994 tot 18,7 persent in Desember 1995 toegeneem. Verbandvoorskotte het die vernaamste soort krediet aan huishoudings gebly en aan

### Kredietverlening deur monetêre instellings



**Tabel 7. Persentasieverandering oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor volgens vernaamste soort krediet**

	1994		1995		
	Des	Mrt	Jun	Sept	Des
Verbandvoorskotte	17,9	19,6	19,5	18,9	17,7
Afbetalingsverkope	27,6	25,4	27,8	28,1	27,2
Bruikhuurfinansiering	7,2	7,9	13,8	17,8	16,6
Beleggings en wissels					
verdiskonterer.....	28,0	33,6	27,0	4,1	11,1
Ander lenings en voorskotte.....	12,8	12,2	16,7	16,6	15,6
<b>Totaal.....</b>	<b>17,0</b>	<b>17,6</b>	<b>19,5</b>	<b>18,0</b>	<b>17,5</b>
Totale reële kredietverlening	6,5	6,7	8,6	10,9	9,9

die einde van 1995 was 66 persent van die uitstaande krediet aan huishoudings deur verbande beskerm.


Die koers van toename oor twaalf maande in kredietverlening deur monetêre instellings aan die *private sakesektor* het van 17,1 persent in Desember 1994 tot 14,8 persent in Maart 1995 afgeneem, voordat dit weer tot 17,1 persent in Desember 1995 versnel het. Met die uitsondering van oortrokke rekeninge, het alle soorte krediet tot die vinniger groei in krediet aan private ondernemings bygedra.

#### Rente- en opbrengskoerse

Geldmarkrentekoerse, wat gedurende 1994 begin styg het, het in die eerste ses maande van 1995 aansienlik verstewig en gedurende die laaste helfte van die jaar betreklik hoog gebleef. Gedurende Januarie 1996 het hierdie koerse oor die algemeen afwaarts begin beweeg. Die koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande het byvoorbeeld van 12,50 persent aan die einde van Desember 1994 tot 14,20 persent aan die einde van Junie 1995 en tot 14,60 persent aan die einde van Desember 1995 gestyg; dit het daná tot 14,10 persent aan die einde van Januarie 1996 versag. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het insgelyks skerp gestyg van 12,69 persent aan die einde van 1994 tot 14,07 persent aan die einde van Junie 1995; dit het daná opwaarts geneig tot 14,22 persent aan die einde van Desember 1995 voordat dit tot 13,93 persent aan die einde van Januarie 1996 verminder het.

Hierdie bewegings in geldmarkrentekoerse gedurende 1995 is ook deur die termynstruktuur van verhandelbare depositosertifikate weerspieël (sien grafiek). Die opbrengskoerse op verhandelbare depositosertifikate met 'n onverstreke looptyd van tot ses maande, het in die loop van 1995 skerp opwaarts

**Opbrengskoerskrommes vir verhandelbare depositosertifikate**




beweeg. In teenstelling met hierdie bewegings, het die opbrengskoerse op verhandelbare depositosertifikate met 'n onverstreke looptyd van twaalf maande en langer in die tweede helfte van 1995 afwaarts begin beweeg. Gevolglik het die opbrengskoerskromme van verhandelbare depositosertifikate negatief begin verloop, wat moontlik op 'n verwagte afname in geldmarkkoerse du.

Die struktuur van langertermynrentekoerse, soos omvat in die opbrengskoerskromme van staatseffekte, het ook in die loop van 1995 aansienlik verander. In Junie 1995 was langtermynopbrengskoerse aansienlik hoër as kortertermynopbrengskoerse, maar in die tweede helfte van die jaar het langtermynopbrengskoerse vinniger as kortertermynopbrengskoerse gedaal. Die opbrengskoerskromme aan die einde van Oktober 1995 was gevoglik nie net merkbaar laer as in Junie 1995 nie, maar ook redelik horisontaal. Opbrengskoerse op effekte oor die hele aflossingspektrum het van November 1995 selfs laer beweeg.

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het aanvanklik geleidelik van 'n hoogtepunt van 17,02 persent in Januarie 1995 tot 16,62 persent in Julie 1995 verlangsaam, voordat dit skerp tot 13,77 persent in Januarie 1996 gedaal het. Verskeie faktore het waarskynlik tot die daling in opbrengskoerse op die kapitaalmark gedurende hierdie tydperk bygedra, met inbegrip van beduidende afwaartse aanpassings in inflasieverwagtings; 'n toename in binnelandse likwiditeit as gevolg van groot kapitaalinvloeiinge vanaf die buiteland; 'n betreklike klein vraag na fondse in die

## Rente- en opbrengskoerse



binnelandse kapitaalmark; en afnames in internasionale langtermynopbrengskoerse. Ondanks hierdie afname in nominale opbrengskoerse, was die gemiddelde maandelikse reële opbrengskoers op langtermynstaatseffekte van 7,2 persent in Desember 1995 vergelykenderwys steeds hoog.

Die ander leen- en uitleenkoerse het sedert Julie 1995 betreklik bestendig gebly. Die koers op prima-oortrekings en die oorheersende koers op verbandlenings van banke is op hul onderskeie vlakke van 18,50 en 18,25 persent gehandhaaf. Die oorheersende koers op vaste deposito's van twaalf maande by banke is in November 1995 met 0,5 persentasiepunte tot 14,0 persent verlaag vanweë ruimer marktoestande. Dit het die marge tussen die prima uitleenkoerse en die koerse op deposito's van twaalf maande tot 4,5 persent verhoog. Die voorbelaste reële opbrengskoerse (dit wil sê nominale koerse aangepas vir die styging in die verbruikersprysindeks oor twaalf maande) op deposito's van twaalf maande en verbandlenings het in Desember 1995 6,6 en 10,6 persent bedraa.

Die maksimum toelaatbare finansieringskostekoerse, soos dit ingevolge die Woekerwet vasgestel word, is gedurende 1995 met drie persentasiepunte verhoog. Aan die einde van 1995 het hierdie koerse op 31 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van minder as R6 000 en 28 persent vir bedrae van meer as R6 000 maar wat nie R500 000 oorskry nie, te staan gekom. Die standaardrentekoers van toepassing op lenings wat deur die Staat


uit die Staatsinkomstefonds (Skatkiswet, Wet no. 66 van 1975) toegestaan is, is in ses stappe van 17,25 persent in Junie 1995 tot 14,50 persent vanaf 1 Desember 1995 verlaag, en daarna vanaf 1 Januarie 1996 weer tot 14,75 persent verhoog. Met ingang van 1 Februarie 1996 is die koers tot 14,00 persent verlaag.

## Geldmark

Geldmarktoestande, wat gedurende die eerste sewe maande van 1995 oor die algemeen betreklik ruim was, het gedurende die res van die jaar en in Januarie 1996 aansienlik vernou. Dit word duidelik weerspieël in die bedrag aan akkommodasie wat deur die Reserwebank aan banke verleen is. Hierdie sogenaamde geldmarktekort het van R3,2 miljard aan die einde van Julie 1995 tot R7,4 miljard aan die einde van Oktober 1995 toegenem, aan die einde van Desember 1995 tot R5,1 miljard afgeneem en weer skerp gestyg tot R8,0 miljard aan die einde van Januarie 1996.

Hierdie stram geldmarktoestande kon in 'n groot mate aan 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank toegeskryf word, wat van R3,9 miljard op 31 Julie 1995 tot R5,8 miljard op 31 Oktober gestyg het; dit het daarna tot R2,9 miljard aan die einde van 1995 gedaal, voordat dit tot R7,9 miljard op 31 Januarie 1996 gestyg het. Die vernouende invloed van hierdie veranderinge is gerugsteun deur 'n toename in note en munte in omloop buite die Reserwebank in die laaste helfte van die jaar en 'n afname in die netto buitelandse bates van die Reserwebank gedurende Augustus en

## Akkommodasie by die diskontovenster



September 1995. Die netto buitelandse bates van die Reserwebank het egter in die vierde kwartaal van 1995 met R5,5 miljard toegeneem.

Nadat die Reserwebank sedert die einde van die eerste kwartaal van 1995 'n konserwatiewer beleidsingesteldheid ingeneem het, was die optrede van die Bank in die geldmark gedurende die res van die jaar hoofsaaklik gemik op maatreëls om likwiditeit op te ruim. In ooreenstemming met hierdie benadering het die Reserwebank opemarktransaksies vanuit sy eie portefeuille aangegaan, met 'n netto vernouende invloed op geldmarktoestande. Hierbenewens is korttermynaanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's gemaak en die regeringsdeposito's by die Reserwebank is ook op sodanige wyse bestuur dat dit groot wisselings in die geldmarktekort teengewerk het.


#### Effektemark

Gedurende 1995 het die netto nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite in die binnelandse *primère effektemark* deur die *openbare sektor* aansienlik toegeneem van R3,5 miljard in die eerste kwartaal tot vlakke van R9,5 miljard en R10,0 miljard in die volgende twee kwartale, voordat dit tot R1,5 miljard in die vierde kwartaal gedaal het. Die netto uitgifte van effekte van die openbare sektor in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 (dit wil sê die tydperk April 1995 tot Desember 1995) het derhalwe R21,1 miljard bedra; in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar het hierdie uitgifte R19,1 miljard beloop. Die aflossing-datum van die nuwe uitgifte van effekte was oorheersend in die omgewing van vyf tot vyftien jaar, omdat daar 'n groot vraag na hierdie effekte was.

Benewens hierdie binnelandse uitgifte, het die owerhede hul pogings voortgesit om *internasjonale finansiële betrekkinge* te normaliseer deur Suid-Afrika weer aan die internasjonale beleggersgemeenskap bekend te stel en die beleggersbasis van die land uit te brei. Die regering se uitgifte van R1,3 miljard (¥30 miljard) in die Samoerai-mark in Mei 1995 is gevolg deur 'n uitgifte van R560 miljoen (£100 miljoen) in die VK-mark in Januarie 1996. Laasgenoemde effek het 'n looptyd van tien jaar en plaaslike instellings is toegelaat om tot 10 persent van die uitgifte op te neem. Die nou marge van 190 basispunte bo die ekwivalente Britse staatseffekte tydens die uitgifte, was 'n weerspieëeling van die verbeterde beleggersgradering van Suid-Afrika. Ander instellings in die openbare sektor het in die vierde kwartaal van 1995 R1,4 miljard in die Japanse effektemark verkry.

Genoteerde maatskappye in die *private sektor* het in 1995 min fondse deur nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite in die primère mark opgeneem. Dit kon heel waarskynlik toegeskryf word aan die likwiede posisie van die korporatiewe sektor. Hierdie uitgifte deur maatskappye in die private sektor wat op die aandelebeurs genoteer is, het in 1995 R932 miljoen bedra. 'n Aantal maatskappye het egter gedurende

#### Transaksies in effekte van die openbare sektor




hierdie tydperk kapitaal ten bedrae van R1,9 miljard deur middel van omskepbare effekte in die buitelandse markte bekom.


Die bedrywigheid in die *sekondêre effektemark* was aan die begin van 1995 stil omdat onsekerheid oor moontlike bewegings in langtermynopbrengskoerse bestaan het, maar van die derde kwartaal het dit opmerklik toegeneem namate opbrengskoerse begin daal het. Die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die effektemark verhandel is, soos deur die Effektemarkvereniging gepubliseer, het van R394 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R595 miljard in die derde kwartaal en R592 miljard in die vierde kwartaal gestyg. In Januarie 1996 het die waarde van effekte van die openbare sektor wat verhandel is, R227 miljard bedra; dit was effens hoër as die maandelikse gemiddelde van R197 miljard in die vierde kwartaal van 1995.

*Nie-inwoners* was aktief in die sekondêre effektemark betrokke en het sedert April 1995 groot netto aankopers van effekte geword. Dit kon aan die suksesvolle afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel, 'n bestendige eksterne waarde van die rand, aantreklike binnelandse opbrengskoerse en dalende koerse in die buiteland toegeskryf word. In die nege maande tot Desember 1995 het nie-inwoners se netto aankope op die Johannesburgse Effektebeurs R2,2 miljard beloop, wat hul netto aankope vir die jaar in die geheel op R1,9 miljard te staan gebring het. In 1994 het nie-inwoners se netto aankope van effekte op die effektebeurs R1,1 miljard bedra.

## Nie-inwoners se netto transaksies op die effektebeurs



## Effektebeurstransaksies




steeds nagenoeg 11,7 persent laer as in 1994. Die maandelikse gemiddelde waarde van aandele wat verhandel is, het verder van R6,5 miljard in die vierde kwartaal van 1995 tot R9,6 miljard in Januarie 1996 toegeneem.

*Nie-inwoners* was groot netto aankopers van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs gedurende 1995. Hul totale netto aankope het in dié jaar R4,8 miljard bedra, vergeleke met R0,2 miljard in 1994. Die maandelikse gemiddelde waarde van die netto aankope deur nie-inwoners het van R254 miljoen in die vierde kwartaal van 1995 tot R726 miljoen in Januarie 1996 gestyg.

Die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele het geleidelik van 'n laagtepunt in Februarie 1995 tot 'n nuwe hoogtepunt in Januarie 1996 gestyg. Die vinnige styging in aandelepryse is deur nywerheids- en finansiële aandele gelei, maar in Januarie 1996 het die betreklik lae pryse van goudmynaandele ook skerp op die hoër goudprys gereageer, wat vir die eerste keer sedert Julie 1993 deur die weerstandsvlak van vierhonderd dollar gebreek het. \*

Die styging in aandelepryse tot September 1995 was minder as die gemiddelde styging in dividende en verdienstes, met die gevolg dat die dividendoprysts koers sowel as die verdienste-prysts koers in die eerste nege maande van die jaar toegeneem het. Albei hierdie aanwysers het egter daarna in die vier maande tot Januarie skerp teruggesak, terwyl aandelepryse herstel het. Vanweë die opvallende afname in langtermynoprysts koers, het die rendementsgaping

## Aandelepryse



(die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte minus die dividend-opbrengskoers op alle klasse van aandele) van 14,6 persentasiepunte in Mei 1995 tot 11,7 persentasiepunte in Januarie 1996 afgeneem.

Die Wet op Beheer van Effektebeurse, wat in September 1995 deur die Parlement aangeneem is, en die nuwe konstitusie van die Johannesburgse Effektebeurs het belangrike *operasionele en regulatoriese veranderings* aangebring of vir die nabye toekoms in die vooruitsig gestel. Die vernaamste veranderings sluit in die implementering van:

- korporatiewe lidmaatskap met beperkte aanspreeklikheid en die eienaarskap van makelaarsfirmas deur nie-effektemakelaars;
- die reg van buitelandse effektemakelaars om nuwe makelaarsfirmas tot stand te bring;
- tweeledige handelskapasiteit;
- ten volle onderhandelbare makelaarslone;
- 'n geautomatiseerde verhandelingstelsel; en
- 'n elektroniese bewaarplek vir waardepapier en lopende vereffening.


In ooreenstemming met die Johannesburgse Effektebeurs se oogmerk om tot die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse ekonomie by te dra, is die eerste maatskappy in die nuwe Herontwikkelingsektor ook in Desember 1995 in die finansiële lys genoteer. Hierbenewens is 'n nuwe sektor, bekend as die Ontwikkelingsfase, in Januarie 1996 in die nywerheidslys ingesluit.

## Ander finansiële markte

Aangesien aandeleteermynkontrakte, teen 98,8 persent van die totale omset, die transaksies op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs in 1995 oorheers het, het die bedrywigheid in die *formelege afgeleide mark* min of meer dié in die aandelemark gevolg. Die omset in termynkontrakte het van 'n nuwe rekordhoogtepunt van 1,4 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1995 tot 0,7 miljoen kontrakte in die vierde kwartaal teruggesak. Die totale aantal kontrakte wat in 1995 verhandel is, was 13,1 persent minder as in 1994. In Januarie 1996 het die verhandeling egter weer begin toeneem. Transaksies in opsies op termynkontrakte het 'n soortgelyke patroon gehad en van 1,5 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1995 tot 0,9 miljoen kontrakte in die vierde kwartaal afgeneem, voordat dit in Januarie 1996 skerp toegeneem het. In 1995 in die geheel het transaksies in hierdie opsies 3,6 miljoen kontrakte, 9,5 persent meer as in 1994, beloop.

Soos reeds aangedui is, het die *verbandmark* gedurende 1995 lewendig gebly vanweë die daadwerklike bevordering van hierdie kredietfasilitet teen betreklik lae koste. Die totale uitstaande bedrag aan verbandlenings wat aan banke verskuldig is, het dienooreenkomsdig van R110 miljard aan die einde van 1994 tot R130 miljard aan die einde van 1995 toegeneem. In die *mark vir vaste eiendom* het die waarde en aantal transaksies sedert Mei 1995 gedaal. Die waarde van die transaksies in vaste eiendom het in 1995 gevvolglik R29,5 miljard beloop – 4 persent minder as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Die aantal transaksies het oor dieselfde tydperk met 7,7 persent verminder.

## Transaksies in vaste eiendom



## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor, (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings) het van R8,6 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 (die tweede kwartaal van die kalenderjaar 1995) tot R5,3 miljard in die tweede kwartaal en toe selfs verder tot R3,2 miljard in die derde kwartaal afgeneem. Dit het die kumulatiewe leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 op R17,1 miljard te staan gebring, of R5,8 miljard onder die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 4,6 persent bedra, vergeleke met 6,9 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95.


Die laer leningsbehoefte van die openbare sektor kon aan 'n klein toename in die oorskot van die nie-finansiële openbare ondernemings en 'n betekenisvolle vermindering in die leningsbehoefte van die algemene owerheid toegeskryf word. Met die uitsondering van die tekort op die inkomste- en uitgawerekeninge van die plaaslike owerhede en die bestaansbeveiligingsfondse, het die saldo's op die rekeninge van al die ander vlakke

van die algemene owerheid in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 verbeter. Die leningsbehoefte van die Hoofbegroting het effens afgeneem van R20,0 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95 tot R19,1 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96, terwyl die saldo op die inkomste- en uitgawerekeninge van die provinsiale regerings gedurende dieselfde tydperk van 'n tekort van R2,2 miljard na 'n oorskot van R2,1 miljard omgeswaai het. Laasgenoemde syfer sluit egter 'n tekort van R864 miljoen in die boeke van die provinsiale regerings gedurende die derde kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 in. Dit kan 'n aanduiding wees dat sommige van die provinsiale regerings die aanvanklike probleme wat met die reorganisasie van funksies en met die administrasie en bestuur van hul bedrywigheid ondervind is, nou te bowe gekom het.

Grotendeels vanweë die regering se onvermoë om onmiddellik by al die beplande strukturele veranderings en hervormings aan te pas, het die koers van toename van jaar tot jaar in die algemene owerheid se besteding in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 slegs 6,3 persent bedra; in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar was hierdie toename 17,8 persent. Die Hoofbegroting het 'n merkbare afname in die besteding aan goedere en dienste en 'n skerp toename in oordragbetelings aan die laer vlakke van owerheid getoon. Terselfdertyd het die besteding aan goedere en dienste deur die provinsiale regerings toegeneem omdat funksies verskuif is.

Die totale inkomste wat deur die algemene owerheid in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 ontvang is, het 'n koers van toename van jaar tot jaar van 13,4 persent getoon. Hoewel dit heelwat hoër was as

### Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



Tabel 8. Koers van toename van jaar tot jaar in die inkomste van die algemene owerheid volgens tipe inkomste

Persent

	Eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95	Eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96
Belastings op inkomste en winste .....	22,4	12,2
Belastings op eiendom .....	34,2	5,0
Belastings op goedere en dienste .....	7,4	17,9
Belastings op internasionale handel .....	-0,9	11,7
Ander belastings .....	9,7	-21,1
Ander ontvangste .....	21,9	18,7
<b>Totale ontvangste .....</b>	<b>17,2</b>	<b>13,4</b>


die koers van toename in die algemene owerheid se besteding, was dit effens laer as die ooreenstemmende koers van toename in inkomste gedurende dieselfde tydperk in die voorafgaande jaar. Uit die inligting in tabel 8, is dit duidelik dat slegs belastings op goedere en dienste (belasting op toegevoegde waarde, die brandstofheffing, en aksynsregte) en belastings op internasionale handel (invoerrege) in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1995/96 hoër koers van toename gehad het as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1994/95.

#### Skatkisrekening


Die tekort op die Skatkisrekening in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1995/96 het min of meer ooreengekom met die ramings van die Begroting vir die jaar. Dit was die netto resultaat van hoër-as-begrote toenames in skatkisuitreikings sowel as -ontvangste.

*Skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (aangesuiwer om kontantvloeiinge te weerspieël) was in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1995/96 10,6 persent hoër as in die eerste tien maande van die voorafgaande jaar; die Begroting het vir 'n toename van 9,0 persent in owerheidsbesteding vir die volle fiskale jaar voorsiening gemaak. Hierdie betreklik gunstige uitkoms sluit egter nie enige oorbesteding wat in die Aansuiweringsbegroting in Februarie 1996 aangespreek is, in nie. Sodanige uitgawes sal eers in die Skatkisrekening van Maart 1996 in berekening gebring word. Daarbenewens het die owerheidsbesteding in die eerste tien

#### Kumulatiewe skatkisuitreikings



#### Kumulatiewe skatkisontvangste



maande van die fiskale jaar 1995/96 slegs R1,7 miljard van die R4,8 miljard ingesluit wat in die huidige fiskale jaar vir heropbou- en ontwikkelingsprogramme beskikbaar is.

Die koers van toename van jaar tot jaar in skatkisontvangste op 'n kontantvloeigrondslag het in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1995/96 14,0 persent beloop; in die Begroting is voorsien dat inkomste met 10,3 persent sou styg. Binnelandse inkomste het goed bly presteer weens die toename in nominale salaris en lone, hoër maatskappywinste, die invloed van fiskale sloering, die versnelling in die groei van binnelandse besteding en die groter doeltreffendheid in belastingadministrasie. As gevolg van 'n aansienlike toename in die goedere-invoer en hoër aksynsregte, was doeane- en aksynsontvangste ook hoër as wat in die Begroting geraam is. Stadiger groei in aksynsregte kan in die laaste deel van die jaar verwag word, omdat aksynsregte op alle motorvoertuie op 1 September 1995 afgeskaf is terwyl 'n ad valorem-belasting op motorvoertuie op 22 Desember 1995 in werking gekom het. Aksynsregte in die vorm van 'n ad valorem-belasting word nou op binnelandse vervaardigde motorvoertuie gehef, terwyl doeane regte 'n ad valorem-belasting op ingevoerde motorvoertuie insluit.

Die netto gevolg van hierdie veranderinge in skatkisuitreikings en -ontvangste in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1995/96 was 'n *tekort van R16,5 miljard op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflassing*. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die tekort in die eerste nege maande van die

fiskale jaar 1995/96 5,5 persent beloop, teenoor 'n begrote tekort van 5,9 persent vir die volle fiskale jaar.

Die tekort voor lenings en die diskonto op die uitreiking van nuwe staatseffekte van R8,8 miljard is deur middel van die volgende instrumente gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte .....	25 351
Skatkiswissels.....	836
Buitelandse lenings.....	1 199
Nie-bemarkbare sekuriteite.....	-144
Geldmarkinstrumente .....	-1 225
Buitengewone ontvangste .....	1 245
Toename in beskikbare kontantsaldo's .....	-10 760
Reserwebank.....	-5 228
Banke .....	-5 532
<b>Totaal.....</b>	<b>16 504</b>

'n Groot deel van staatseffekte is deur die nie-monetêre private sektor opgeneem, maar die monetêre instellings se besit aan staatseffekte het ook in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1995/96 skerp gestyg. As gevolg van die opbouing van regeringsdeposito's by banke het die netto eise van die monetêre instellings teen die owerheid nogtans afgeneem. In teenstelling met vorige jare, het die Openbare Beleggingskommissaris slegs 'n betreklik geringe deel van die nuut uitgereikte staatseffekte opgeneem. Die verandering in die beleggingsgedrag van die Openbare Beleggings-


kommissaris kon hoofsaaklik toegeskryf word aan hul begeerde om 'n meer gediversifiseerde investeringsportefeuille te verkry wat in die verlede hoofsaaklik uit staatseffekte bestaan het.

Die finansiering van die skatkistekort het tot 'n toename in die uitstaande staatskuld vanaf R244,6 miljard aan die einde van Maart 1995 tot R276,2 miljard aan die einde van Desember 1995 aanleiding gegee. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het staatskuld oor dieselfde tydperk van 55,0 persent tot 57,0 persent gestyg; aan die einde van die fiskale jaar 1990/91 het dit nog net 37,2 persent bedra.

#### Aansuiweringsbegroting

In die Aansuiweringsbegroting wat op 13 Februarie 1996 in die Parlement ter tafel gelê is, is *addisionele besteding* van R15,1 miljard goedgekeur. Indien verklaarde besparings en opskortings van fondse, die verskuiwing van funksies, terugvorderings vanaf die pensioenfondse vir die verbetering van diensvoorraad, die oordra van fondse en die dubbeltelling ten opsigte van die nasionale begroting se bydrae tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram egter in ag geneem word, neem die verwagte besteding in die fiskale jaar 1995/96 met slegs R3,0 miljard tot R157,4 miljard toe. Hierdie bedrag sluit 'n voorsiening vir die onderverhaling van inkomste van R1,5 miljard by provinsies en 'n sogenaamde oorgangsreserwe van R1,0 miljard vir provinsiale bestedingsbehoeftes aan gesondheid en welsyn in. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, word die hersiene staatsbesteding op 31,5 persent geraam, dit wil sê effens hoër as die verhouding van 31,2 persent in die voorafgaande jaar.

#### Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk



Fiskale jare.

\* Soos op 31 Desember 1995

**Tabel 9. Hersiene Begrotingsraming vir die fiskale jaar 1995/96**

	R miljoene
Gedrukte raming van uitgawes.....	154 374
Plus: Aansuiweringsramings .....	15 017
Plus: Staande toewysings.....	63
Subtotaal.....	169 454
Min: Oordra van onbestede fondse.....	6 440
Verwagte besparings .....	908
Verskuiwing van funksies .....	129
Verhaling van pensioenfondse.....	1 060
Dubbeltelling ten opsigte van die HOP-fonds .....	3 557
Verwagte besteding vir 1995/96 .....	157 360
Verwagte inkomste en oordragte (insluitende buitengewone ontvangste van R1 231 miljoen) .....	127 269
Verwagte tekort .....	30 091
Verwagte tekort as persentasie van die bruto binnelandse produk.....	6,0

In die Aansuiweringsbegroting is ook voorsiening gemaak vir 'n aansienlike toename in *staatsinkomste* vanaf 'n aanvanklike geproekteerde R124,2 miljard tot 'n hersiene raming van R127,3 miljard (insluitende buitengewone ontvangste van R1,2 miljard). Dit sal staatsinkomste op 'n geraamde 25,5 persent van die bruto binnelandse produk te staan bring; in die voorafgaande jaar was hierdie verhouding effens hoër op 25,6 persent.

Vanweë hierdie geraamde veranderings in staatsbesteding en inkomste, word die *tekort voor lenings en skuldaflossing* vir die fiskale jaar 1995/96 nou op R30,1 miljard, of 6,0 persent van die bruto binnelandse produk, geraam. Hierdie verhouding is net effens hoër as die begrote verhouding van 5,8 persent.